

Referaat gelewer tydens die 7de Volkskonsilie van die Geloofvolk van Suid Afrika, 20-21 April 2019 te Orania.

Deur Tienie Dumas

Psalm 78: 3-7

"Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die Here en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het, Hy tog het 'n getuigenis opgerig in Jakob en 'n wet gegee in Israel, wat Hy ons vaders beveel het - om dit aan hulle kinders bekend te maak, sodat die volgende geslag dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders, en hulle vertrou op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie, maar sy geboorte kan bewaar."

Ons kan agterkom die verantwoordelikheid wat op die grootouers rus as ons vers 4 aandagtig lees. Daar word gepraat van hulle kinders en tog is dit al die kinders se kinders, 'n volgende geslag. Hierdie verse wat ons opdrag gee om die wonders na die volgende geslagte oor te dra, hou ook mooi verband met die Bloedrivier gelofte waarin ons Vaders beloof het om dit in 'n boek aan te teken, sodat selfs die laaste nageslag dit kan vier.

Kom ons vra ons self die vraag: "Hoekom moet ons hierdie roemryke dade van die een geslag na die ander oordra?" Psalm 78 gee vir ons die antwoord in vers 6 en 7: "sodat die volgende geslag dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan die kinders, en hulle vertrou op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie, maar sy geboorte kan bewaar."

Ons kan vra: Wat dra ons huidige geslag aan ons kinders oor? Die Woord leer ons in Deut. 6:7 "en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan." m.a.w. altyd.

Sien ons kinders ons nog lees in die Bybel en hoor hulle ons nog bid? William Colgate die man van Colgate tandepasta se ouers was seepmakers en hulle was so arm dat sy ouers besluit het om hom te vra om elders vir homself 'n heenkome te vind. Toe hy van sy ouerhuis af weggegaan het, het sy pa 'n ent met hom saamgeloop en hom gegroet. Hy het 'n entjie aangestap en omgekyk. Sy pa het bly staan met sy hoed op sy hart en sy kop vooroor gebuig. William het geweet wat dit beteken: sy pa het vir hom gebid. William het 'n multimiljoener geword. In een van die boeke wat oor hom skrywe, word vertel dat die prentjie van sy pa wat gestaan en vir hom gebid het, die motivering was wat sy hele lewe lank hom bygebly het: my pa bid vir my. Hoe gaan ons kinders ons eendag onthou? Weet hulle dat ons as ouers vir hulle bid?

Wat maak ons met die Skrif wat sê: "En laat ons die onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie" (Heb. 10:25) Daar word vertel van 'n gesin van drie in Engeland. Die ma en haar seuntjie het die dienste gereeld bygewoon. Die pa het dieselfde tyd gaan golf speel. Eendag het die seuntjie gemaak asof hy siek is en by die huis gebly. Net toe sy ma weg is, het hy hom aangetrek en agter sy pa aan gehardloop. Dit het effens gesneeu en die voetspore van sy pa was duidelik sigbaar op die gras. Die seuntjie het daarvan 'n speletjie gemaak om in die voetspore van sy pa te spring. Sy pa het omgekyk. En toe die seuntjie merk dat sy pa hom raakgesien het, het hy uitgeroep: "Alright, daddy, I'm coming. I'm following your footsteps!" Sy pa het net daar omgedraai. Hy het die boodskap gekry: My kind volg my voorbeeld. Watter voorbeeld stel ons vir ons kinders?

Ongehoorsaamheid aan die voorskrifte van die Bybel beteken om die gesag van die Skrif te minag. In Prediker 12:13 lees ons: "Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: "Vrees God en hou sy gebooië; want dit geld vir alle mense." Abraham het aan die ryk man gesê: "Hulle het Moses en die profete, laat hulle na die luister." (Luk 16:29) Met hierdie woorde het Christus die gesag van die Skrif bevestig. Gaan ons dit aan ons kinders oordra of toelaat dat hulle verwar word deur sommige teoloë of ander mense wat sekere Skrifgedeeltes nie aanvaar as die Woord van God nie. Ons moet hulle leer om eerbied vir die Skrif te hê omdat God deur die Skrif aan die Woord kom. Ons hoor deesdae dikwels: "Dis ou testamenties."

Soos Israel van ouds het ons volk ook voor ons hemelse Vader gesondig. Die afgode van destyds wat Israel vereer het, word vandag ook deur ons volksgenote vereer. Die afgode het nie verander nie, hulle name het net verander. Wat is dobbelary en lotery vandag anders as geluksgode wat nagejaag word? Duisende van ons mense stroom na die casino's, dobbelhuise en nog baie meer van ons mense neem deel aan die Lotto. Die Skrif sê: "Maar julle wat die Here verlaat, wat my heilige berg vergeet, wat 'n tafel dek vir die geluksgod en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot - Ek sal julle bestem vir die swaard. En julle almal sal buig om geslag te word, omdat Ek geroep, maar julle nie geantwoord het nie. Ek gespreek, maar julle nie geluister het nie, maar gedoen het wat verkeerd is in my oë en verkies het wat My nie behaag nie... die Here sal jou ombring." (Jes. 65:11, 12 en 15) Daar word gesê dat van die geld van die Lotto aangewend word vir dienste van barmhartigheid. Dit mag so wees, maar die kwaad kan nie met offers goedgemaak word nie. Die doel kan nooit 'n onetiese middel heilig nie. Die aanwending van die fondse van 'n lotery vir liefdadigheid, tas juis die beginsel van barmhartigheid aan, want die Skrif leer ons om goed te doen sonder om iets terug te verwag. (Lukas 6:35)

Die talle dobbelhuise en die Lotto is besig om van ons mense totale dobbelaars te maak. Die mense wat dit die minste kan bekostig staan tou om 'n kaartjie te koop in die hoop dat hulle tog iets sal wen. In hierdie opsig word juis die arm mense van die bietjie wat hulle nog het op 'n sogenaamde gewettigde wyse beroof. En vir die wat op die wyse 'n prys wen, geld die waarskuwing van die Woord wat sê: "En jy mag geen gruwel in jou huis inbring nie, sodat jy nie net so onder die banvloek kom nie." Wil ons die Lotto en die dobbelhuise aan ons kinders oordra of wil ons liever by hulle die Naam van ons Vader verheerlik?

Ons onderwys beleef vandag 'n krisis. Die multikulturele sisteem in die skole skep die teelaarde om van ons kinders wêreldburgers te maak. Gesonde volkstrots word nie meer gestimuleer nie. Die identiteit van ons kinders is in gevaar. Die standpunt van die Skrif dat God die mens uit die stof van die aarde geformeer het, is vervang met die standpunt dat die mens uit die dier ontwikkel het. Toe die versteende aap by Sterkfontein oopgekap is, het iemand dit die grootste ontdekking van alle tye genoem en het hy na Sterkfontein as die "moederskoot van die mensdom" verwys. 'n Bekende wetenskaplike, S. Zuckerman het 20 jaar lank navorsing gedoen oor die Australopithecus wat heel eerste by Sterkfontein en ook elders op aarde gevind is. En die resultaat van sy ondersoek is saamgevat in sy woorde: "Dit is 'n aap wat geen verwantskap het met die mens nie." C.E. Oxford het na 10 jaar se navorsing dieselfde gevind. Ons moet liever vir ons kinders Psalm 139: 13-16 leer: "Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef. Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar in u werke! En my siel weet dit alte goed. My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde. U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geneen van hulle daar was nie."

In die leerplan word die kinders op so 'n wyse aan die verskillende godsdienste blootgestel, dat dit die indruk skep dat alle godsdienste gelykwaardig is. Die gedagte dat alle godsdienste gelykwaardig is, word in duidelike taal deur die Skrif verwerp. "Ek is die weg, die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. (Joh. 14:16) Die meeste van ons volk se kinders is in staatskole. Wat word aan hulle oorgedra?

Die Skrif sê: "Vier jou feesdae, o Juda, betaal jou Geloftes (Nahum1:15). Hierdie voorskrif geld ook van die geloftes wat leiers van 'n volk namens die volk afle. Die leier of leiers van 'n volk kan 'n volk en sy nageslag onherroeplik aan 'n gelofte verbind. Joshua en die owerstes van Israel het bv. op 'n dag met die Guberniete 'n verbond gesluit om hulle nie uit te roei nie (Jos. 9:15), maar toe koning Saul 300 jaar later die verbond verbreek het, deur die stam van Gibeon byna uit te roei, het die Vader die hele land met drie jaar hongersnood gestraf. (II Sam 21:1)

En daarmee kan ons onself afvra, wat het geword van ons volk se geloftes? Die Trekkers het hulle hele bestaan ingerig volgens die voorbeelde en voorskrifte van die Bybel (Rom. 15:4) "Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê." Die trekkers het besef dat net die Vader hulle kan help. Daarom het hulle onder aanvoering van hulle leiers en op voetspoor van Josua (Jos. 9:1-20) en Nehemia (Neh. 10: 28 -29) hulle self en hulle nageslag onherroeplik aan 'n gelofte verbind. Al was die hele volk nie teenwoordig nie, het hulle almal ingesluit wat reeds by hulle ingeskakel was en almal wat nog by hulle ingeskakel was en almal wat nog by hulle ingeskakel sal word. (Ester 9:27) "het die Jode vasgestel en as insetting aangeneem vir hulle en hulle nageslag en vir almal wat hulle by hulle sou aansluit, sodat dit onherroeplik sou wees, dat hulle die twee dae al jare sou hou volgens die voorskrif daaromtrent en op die bepaalde tyd" omdat 'n volk 'n eenheidsgemeenskap is. Iets interressant wat ek nog nie gehoor het nie. Die Zoeloes het vertel dat daar roofvoëls op hulle afgevlieg en hulle verwilder het. Niemand, behalwe die Zoeloes kon die voëls sien nie. Dit laat 'n mens dink aan die Arameërs in (II Kon. 7:6-7). God het hulle die gedruis van perde, 'n gedruis van 'n groot leermag laat hoor sodat hulle gevlug het. Die wonderbaarlike wyse waarop die Vader die Trekkers van uitwissing gered het, is 'n vaste bewys dat Hy ons Geloofte aanvaar het en het ons op 16 Des. 1838 'n Gelooftevolk gewond. Weet ons volk se kinders dit? Doen ons genoeg om dit aan hulle oor te dra?

Dan kom ons by die grootste wonder van al die eeue. "Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom." (II Kor. 5:21). Bokant 'n mens se begripvlak. Die grootste roemryke daad van ons Vader.

Wat loop hiermee saam? Hy sê wie My lief het, sal my gebooie bewaar. Dit sal die kenmerk wees - die begeerte om Sy gebooie te bewaar. Hier kom vers 7 weer ter sprake: "En hulle vertrou op God kan stel en die dae van God nie vergeet nie, maar sy gebooie kan bewaar." Wie die Seun het, het die lewe - wie die Seun nie het nie, het nie die lewe nie. Verkondig ons hierdie wonder van die eeue genoegsaam aan ons kinders?

Ek wil afsluit. Dinge het vir ons geword soos in die dae van Nehemia. Hy skrywe: "Ons is vandag slawe, en die land wat U aan ons vaders gegee het om die vrug en die volle seën daarvan te geniet - daarin is ons slawe. En dit vermeerder sy inkomste vir die konings wat U oor ons gestel het om ons sondes ontwil, en hulle heers oor ons liggame en oor ons vee na hulle willekeur, en ons is in 'n groot benoudheid." (Neh 9: 36 - 37)

Gaan ons ons kinders leer om maar hierdie benoudheid te aanvaar met die persepsie dat daar geen uitweg is nie of gaan ons hulle leer dat ons nog altyd die God van Bloedrivier aanbid, die God wat wonders doen: "sodat hulle, hul vertrou op God kan stel en die dae van God nie vergeet nie, maar sy gebooie kan bewaar."